

**N.G. Gemeente Vaalpark**

# Gebedsbulletin no 18

**4 Mei 2025**

## Die Bekeringskrag van LIEFDE

Nog nooit in die geskiedenis van ons geslag was daar so ‘n groot dringendheid om die reddingsboodskap van Jesus te verkondig nie. Die mensdom smag na redding en as gelowiges het ons die enigste ware antwoord wat soekende siele kan lei om vrede aan die voete van Jesus – die enigste weg, die waarheid en die lewe – te vind.
Ons liefde vir mekaar moet duidelik praat
Nie net is ons geroep om die waarhede van die Evangelie tot aan die uithoeke van die wệreld te verkondig nie, maar om die bekeringskrag van die Evangelie uit te leef deur ons liefde vir mekaar. Jesus het gesệ: “Hierdie liefde van julle moet as’t ware hard en duidelik ‘praat’. Mense moet daarna kyk en sệ: ‘Kyk net, daar is ‘n volgeling van Jesus’. (Joh 13:35)
Volg Paulus se voorbeeld
Te midde van sterk teenkanting en dwaallering vra Paulus dat die gemeente in Korinte sy voorbeeld sal volg en deur hulle liefde vir mekaar die bekeringskrag van die Evangelie uitleef.
Paulus bemoedig hulle:
Liefde vereis ‘n oop hart
Paulus sệ:”… Ons harte is vir julle wyd oop” (2Kor 6:11) en “Doen aan ons wat ons aan julle gedoen het: maak julle harte wyd oop!” Paulus het sy hart oopgemaak om die gelowiges met liefde te omvou. Hulle het hom baie sleg behandel. Steeds bly hy lief vir hulle, al is hulle harte nog nie oop vir hom nie.
Mag ons leer om ons harte oop te maak en liefde aan ons kinders, familie, kollegas, vriende en vyande te betoon – al is hulle harte nog nie oop vir ons nie. Dit is ook die voorbeeld van Jesus se liefde vir ons. “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.”
Ware liefde steek nie die waarheid van Jesus weg nie. Die Evangelie is die krag van God wat verlossing bring aan almal wat glo. Mag ons liefde vir mekaar en ons vyande ons dryf om Jesus te verkondig.
Laat ons liefde getuig
Die Woord sệ: “God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom” (1 Joh4:16). Mag ons Paulus se woorde aan die Korintiërs ter harte neem en in die lig van God se liefde vir ons onderneem om ons harte oop te maak en ander lief te hệ. Mag ons liefde getuig van die bekeringskrag van die Kruis! – Kobus Roodt.

**Dankie!**

- Vir die liefde van God vir ons !
- Vir die bekeringskrag van die Kruis!

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Jan Viljoen
- Theo Prinsloo

Hannah Bylsma
Tannie Rina van der Vyver
Rudi Kruger
Carin Wilsenach
Juanite Rossouw
Tannie Charmaine Venter
Oom Andrew Oostuizen
Spokie Vorster
Pierre Pienaar

**Gedagte vir die week**

**“Ek gee julle ‘n nuwe gebod; julle moet mekaar liefhệ.**
**Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhệ.**
**As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”**
**Joh 13:35**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org